

# PROSPEKTUS: PRE-GRAAD R

Baie dankie dat u die Pre-primêre Skool Kenridge oorweeg as 'n opsie vir u kind se toekomstige skoolopleiding. Neem asseblief kennis van die volgende belangrike inligting:

## Personeel van Pre-primêre Skool Kenridge - Pre-Graad R

Tossie Alexander	Skoolhoof	Graad R & Pre-Graad R
Lerisa du Plessis	Graadhoof & Onderwyseres	Blou klas
Marielle Holmes	Onderwyseres	Geel klas
Ilse Boshoff	Onderwyseres	Groen klas
Karen de Jager	Onderwyseres	Oranje klas
Sunette van der Merwe	Onderwyseres	Pers klas
Juanita van der Merwe	Sekretaresse	
Desireé la Grange	Assistent / Aflosonderwyseres	
Vanessa Bhebhi	Assistent	

## Kontakbesonderhede

Telefoon- en faksnommer: 021 975 1163

SMS-nommer: 073 158 9332

## Goedgekeurde skoolkalender vir 2017

KWARTAAL	OPEN	SLUIT
Eerste	11 Januarie	31 Maart
Tweede	18 April	30 Junie
Derde	24 Julie	29 September
Vierde	9 Oktober	6 Desember

## Skoolure

Ons skoolure is: 08:00 - 12:15

Die skoolure vir die EERSTE TWEE WEKE sal korter wees om die kinders kans te gee om aan te pas. Die skool begin op Woensdag, 11 Januarie 2017.

1ste Week:           08:00 - 11:00           (11 Januarie - 13 Januarie)  
2de Week:           08:00 - 11:30           (16 Januarie - 20 Januarie)  
3de Week:           08:00 - 12:15           (23 Januarie - Desember)

Ons hekke open om 07:30 maar daar is geen toesig in die tuin voor 07:45 nie. Indien u kind vroeër afgelaai moet word, moet u asseblief reëlings tref met die vroegoggend sorg by 021 976 3046.

## Parkering

Toegang tot ons klaskamers word verkry vanuit die parkeerterrein langs Tygerbergvalleiweg,

of die parkeerarea by Graad R in Van Riebeecklaan. Maak asseblief seker dat u ons hekke te alle tye toemaak. Geen voertuie word in die skoolgronde toegelaat nie.

### **Ouerinligtingsaand**

Daar sal vroeg in die nuwe jaar, 'n inligtingsvergadering vir alle ouers gehou word. Dit is noodsaaklik dat ten minste een van die ouers van elke kind die vergadering moet bywoon. Dit sal vir u die geleentheid bied om vertrouwd te raak met die beleide en prosesse van die Pre-Graad R-afdeling.

### **Naskoolsentrum**

Daar is 'n beperkte aantal plekke by hierdie fasiliteit beskikbaar. Kontak Mike de Villiers direk vir navrae, ☎ 021 976 4048.

### **Stuur asseblief die volgende saam op die eerste dag van die nuwe kwartaal:**

- 'n Harde plastiek A3-grootte tas. Sakke, rugsakke en wieletjies-tasse word nie toegelaat nie.
- Trek asseblief die boodskapboekie met mooi papier oor, plak die naam wat voorsien word, links bo, voor op die boekie en trek dan met kleefplastiek oor.
- 'n Ekstra stel klere in geval van "glipsies". 'n Stel ou klere in 'n duidelik gemerkte deurskynende plastiek ("zip-lock"-tipe) sakkie. Onthou om dit te vervang na gebruik en met seisoen-verandering.
- 'n Gesonde teetyd snoephappie.
- Verskaf asseblief 2 houers vloeibare handewasseep en 1 houer snesies.
- Gemerkte sonhoed om in die klas te hou.
- Smeer asseblief elke dag sonblok aan u kleuter se gesig.

### **Merk asseblief alle persoonlike items duidelik met naam en van!**

### **Klasbenodighede/bak-en-brou**

U skoolrekening sal op 1 Maart en 1 Augustus met R65,00 gedebiteer word om die koste van klasbenodighede te dek. Alle items sal by die skool gehou word.

### **T-Hemde**

T-hemde en warm baadjies is beskikbaar by die skoolklerewinkel. Ons moedig u aan om 'n t-hemp en warm baadjie aan te skaf, aangesien dit ons uniform is en kleuters dit op uitstappies, asook op L.O.-dae dra (Woensdae).

### **Versnaperinge**

Onthou asseblief dat hierdie 'n teetyd snoephappie is en nie 'n hoofmaal nie. Die klem lê daarop om gesonde eetgewoontes aan te leer.

Ons beveel toebroodjies, Marie- of Tennisbeskuitjies, vars vrugte en groente, neute, kaas, Weense worsies, ham, biltong en gedroogde vrugte aan.

Moet asseblief nie die volgende stuur nie:

- Koek, lekkers (Super C's ingesluit) en skyfies.

- Gaskoeldrank of gegeurde bruiswater.
- Lekkergoed en skyfies word wel op Vrydae, na 'n gesonde happie toegelaat.

### **Ander benodighede:**

- Tema-verwante storieboekies en items is altyd welkom, so ook enige storie-CD's en musiek. Merk dit asseblief duidelik. GEEN speelgoed mag asseblief skool toe gebring word nie.
- "Kaalvoet is die beste!" Indien u kind wel skoene skool toe moet dra, moet dit verkieslik sandale, plakkies of "Wellington"-reënstewels wees.
- "Wellington"-reënstewels (duidelik gemerk) is verpligtend gedurende nat en koue weer.

### **Reëls**

- Geen persoonlike speelgoed nie.
- Seuns en dogters se hare moet te alle tye netjies gesny of vasgemaak word. Geen kuiwe wat in die oë hang sal toegelaat word nie.
- Oorbelle is slegs vir dogters. (Geen oorbelle wat kan haak nie.)
- Geen medisyne mag deur die skool toegedien word sonder skriftelike toestemming nie.
- Kontant moet altyd in 'n gemerkte koevert, en in die klasposbus geplaas word.
- Parkeer asseblief in die parkeerplekke - moet asseblief nie die geel en rooi strepe ignoreer nie.
- Rapporteer asseblief eers by die kantoor indien u gedurende skoolure die skool besoek.
- Geen kind mag gedurende skoolure die skool verlaat vir buitemuurse aktiwiteite wat elders plaasvind nie.
- Moet asseblief nie die klokke lui om vroeër as 07:30 en 12:15 toegang te verkry nie.
- Maak asseblief altyd die hek agter u toe.
- Wees altyd betyds.
- Ons versoek ouers vriendelik om asseblief die skoolgronde so gou as moontlik na die skooldag te verlaat, om sodoende die Nasorg en buitemuurse aktiwiteite te akkommodeer. Maak gerus gebruik van die gedenktuin (langs die laerskool se hoofingang) indien u vroeg opdaag om u kleuter by 'n naskoolse aktiwiteit te kom haal.
- Ongelukkig geen honde - klein of groot - word op skoolgronde toegelaat nie, asseblief.
- Die skool is 'n rookvrye sone. Rook is dus op die skoolgronde verbode.
- U mag slegs foto's van u eie kind op sosiale media plaas.

Ons sien uit daarna om u by ons skool te verwelkom. Vir verdere inligting besoek gerus Pre-Graad R op die Laerskool se webblad.